
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Mondelinge tradisies van Profeet Mohammed is deur … saamgestel.

A Brahman
B Moses
C Ali
D Bukhari (1)

1.1.2 Iemand wat iets verstaan presies soos dit geskryf is sonder om vir interpretasie oop te wees:

A Profeet
B Literalis/Letterkneg
C Ghoeroe
D Teoloog (1)

1.1.3 Alle godsdienste is paaie na die waarheid en hulle is ewe waar:

A Ideologie
B Inklusiwisme
C Pluralisme
D Sekularisme (1)

1.1.4 Daar is geen god in die kern van hulle oortuigings en leringe nie:

A Hindoeïsme
B Judaïsme
C Afrika Tradisionele Godsdiens
D Boeddhisme (1)

1.1.5 Die hoofkwartiere van die Bahá'i-geloof is in …

A Haifa, Israel.
B Kaïro, Egipte.
C Tel Aviv, Israel.
D Haifa, Egipte. (1)

1.1.6 Die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk onder Keiser Konstantyn:

A Judaïsme
B Sionisme
C Confucianisme
D Christendom (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.7 'n Regeringsvorm waar daar 'n baie sterk verhouding tussen een spesifieke godsdiens en die regering is:

A Outokrasie
B Teokrasie
C Demokrasie
D Kolonialisme (1)

1.1.8 Die geloof dat die siel nooit doodgaan nie en vir baie leeftye in 'n nuwe liggaam herbore word:

A Herstel/Restourasie
B Opstanding
C Reïnkarnasie
D Wedergebore (1)

1.1.9 Sjia-Islam glo dat ... Profeet Mohammad moes opvolg.

A Abu Bakr
B Arafat
C Ismael
D Ali (1)

1.1.10 Hierdie deel van die Bybel stem ooreen met die Tanag in Judaïsme:

A Die Nuwe Testament
B Die Pentateug
C Die Handelinge van die Apostels
D Die Ou Testament (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die godsdiens wat leer dat daar geen plan of doel met die skepping is nie, is … (1)

1.2.2 Die eerste organisasie wat in Suid-Afrika gestig is om spesifiek navorsing oor Afrika Tradisionele Godsdiens te doen, is … (1)

1.2.3 'n Persoon wat teen ortodokse godsdienstige gelowe is, is … (1)

1.2.4 Die geloof in baie gode staan as … bekend. (1)

1.2.5 Daar word na nie-Jode as … verwys. (1)

1.2.6 Die Tien Gebooie word met die Berg … geassosieer. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. MOENIE 'n antwoord meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Die godsdiens wat leer dat daar lyding in die wêreld is as gevolg van onvervulde menslike begeertes | A | Tao Te Ching |
| | | B | Talmoed |
| 1.3.2 | Die Een bring die Twee voort, die Twee bring die Drie voort | C | dharma |
| | | D | afkoms |
| 1.3.3 | Geloof in die bestaan van die goddelike | E | moksha |
| | | F | beswyming |
| 1.3.4 | Die term wat dui op geloof in 'n orde in die hele bestaan | G | teïsme |
| 1.3.5 | Die geslagslyn van 'n voorvader na 'n persoon of 'n familie | H | Boeddhisme |
| 1.3.6 | 'n Droomagtige toestand wanneer mense oënskynlik nie van hulle omgewing bewus is nie | | |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord(e) in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede waarom die antwoord NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi, Geel, Sirkel, Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.4.1 Judaïsme, Islam, Afrika Tradisionele Godsdiens, Christendom (2)

1.4.2 Vedas, Bhagavad Gita, Punjab, Upanishads (2)

1.4.3 Intlabi, Isangoma, Injoli, Ilima (2)

1.4.4 Evolusie, Vleeswording/Inkarnasie, Opstanding, Redding (2)

1.4.5 Shaivisme, Vaishnavisme, Ketuvim, Shaktisme (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Nagmaal/Eucharistie verwys na samewerking en eenheid tussen die verskillende Christelike denominasies/kerkverbande. (2)

1.5.2 Nirvana verwys daarna om na die lewe teruggebring te word. (2)

1.5.3 'n Imam is 'n priester van die Onafhanklike Afrika-kerk. (2)

1.5.4 Voedsel wat vir Jode toelaatbaar is om te eet, staan as 'haram' bekend. (2)

1.5.5 Samsara is die ewige siklus van geboorte, dood en hergeboorte. (2)

1.5.6 Islamitiese heilige tekste is in Sanskrit geskryf. (2)

1.6 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende:

1.6.1 Geloofsbelydenis (2)

1.6.2 Talisman (2)

1.6.3 Padmasambhava (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

2.1 In die konteks van godsdiens, gee 'n kort verduideliking van ELK van die volgende konsepte:

2.1.1 Eenheid (4)

2.1.2 Uniekheid (4)

2.1.3 Goddelikheid (4)

2.2 Noem enige TWEE unieke kenmerke van ELK van die volgende godsdienste:

2.2.1 Boeddhisme (4)

2.2.2 Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

2.2.3 Bahá'i-geloof (4)

2.2.4 Taoïsme (4)

2.3 Verduidelik die verskille tussen *leerstelling (doktrine)* en *dogma*. (8)

2.4 Verduidelik in DRIE sinne die rol van voorvaders in Afrika Tradisionele Godsdiens. (6)

2.5 Maak 'n lys van VIER ooreenkomste wat die drie Abrahamitiese godsdienste deel. (8)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**'N 'GESEKSUALISEERDE' JESUS**

Paasfeesplakkaat in Spanje, 2 Februarie 2024
Deur Nicole Acevedo

Omstredenheid het in Spanje en op sosiale media gevolg oor 'n plakkaat van Jesus wat as gay voorgestel is. Die plakkaat is geskep as reklame vir Paasweek-feesvieringe in die stad, Sevilla, in Spanje. Die kunstenaar, Salustiano Garcia, het sy werk verdedig deur te sê dit is 'siek' om seksuele diskriminasie in die beeld te sien, terwyl 'n konserwatiewe groep dit 'n afwyking[1] en 'n 'geseksualiseerde en onmanlike'[2] Jesus genoem het. Sosialemedia-gebruikers het óf die kunstenaar se kunssinnige visie verdedig óf 'memes geskep' wat die spot gedryf het met die beeld.

Javier Navarro van die verregse Vox-party in Spanje het op die sosialemedia-platform X gesê dat die plakkaat wou uittart en nie die missie van 'gelowige deelname aan Sevilla se Heilige Week aanmoedig' nie. Pablo Hertfild Garcia-Conde, president van die godsdienstige vryheidsorganisasie IPSE, bekend vir sy ultrakonserwatiewe[3] Katolieke standpunt, het op X gesê dat 'die plakkaat aanstootlik is' en 'n afwyking is, en nie ooreenstem met wat Heilige Week in Sevilla simboliseer nie.

'n Organisasie van Christelike prokureurs het 'n petisie van stapel gestuur wat die verwydering van die plakkaat en die bedanking van Francisco Velez, die president van die Raad van Broederskap ('Council of Brotherhood'), versoek het. Laasgenoemde het die beroemde kunstenaar, Salustiano Garcia, opdrag gegee om 'n skildery te skep wat die feesvieringe moes bevorder.

afwyking[1]: om af te wyk van wat normaal of korrek is
onmanlike[2]: 'n man met eienskappe en gedrag wat tradisioneel met vrouens geassosieer word en as onvanpas vir mans beskou word
ultrakonserwatiewe[3]: uiters konserwatief in politieke en godsdienstige geloofsoortuigings

[Aangepas uit www.nbenews.com, 2024]

3.1.1 Met verwysing na die artikel hierbo, wat het omstredenheid in Spanje veroorsaak? (2)

3.1.2 '... dit is "siek" om seksuele diskriminasie in die beeld te sien.'

Wat is die betekenis van 'siek' in hierdie konteks? (2)

3.1.3 Wat het die Spaanse mense van die kunstenaars verwag met betrekking tot die Paasweek? Skryf DRIE verwagtinge neer. (6)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.1.4 Die doel met die skep van die plakkaat was om reklame vir die Heilige Week-feesvieringe te maak. Het die plakkaat in sy doel geslaag? Ondersteun jou antwoord. (8)

3.1.5 In die lig van die omstrede plakkaat, watter opinies, dink jy, het die Spaanse Christene van die kunstenaar, Salustiano Garcia, gehad? (8)

3.1.6 Gee DRIE redes waarom Salustiano Garcia besluit het om 'n geseksualiseerde en onmanlike skildery van Jesus te maak. (6)

3.1.7 Verslaggewers moet voldoen aan die joernalistieke kernwaardes van billikheid en verteenwoordiging van beide kante. Evalueer Nicole Acevedo se verslaggewing. (8)

3.2 Bespreek VYF faktore wat die verslaggewing van godsdienstige kwessies in die media beïnvloed. (10)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENSKONFLIK IN NIGERIË**

Die meerderheid van Nigerië se bevolking van ongeveer 182 miljoen volg óf Islam óf die Christelike godsdiens. Hierdie twee hoofgodsdienste het geskiedkundig in vrede saam bestaan. Sedert onafhanklikheid het die land egter onder baie etnies-godsdienstige konflikte deurgeloop. Onlangs het die aantal dodelike aanvalle toegeneem as gevolg van die groei van ekstremistiese groepe, soos Boko Haram en radikale Fulani-veewagters.

Godsdienstige konflik in Nigerië kan gedefinieer word as 'die stryd om waardes en aansprake op skaars hulpbronne, status en mag met die doel om hulle opponente te neutraliseer of uit te wis'. Die definisie weerspieël grootliks die konflik tussen Moslems en Christene in Nigerië omdat die groepe om politieke en ekonomiese mag, asook land- en waterbronne, meeding.

Sedert 2008 het Boko Haram 'n toenemende bedreiging vir nasionale veiligheid geword. Boko Haram beoog om 'n Islamitiese staat in noordelike Nigerië te vestig. Dit staan die verwestering van die land, wat dit met die Christelike godsdiens verbind, teë. Islamitiese militante groepe voer terroriste-aanvalle uit op godsdienstige en politieke groepe, asook burgerlikes. Die slagoffers is beide Moslems en Christene. Daar is ongeveer 2,5 miljoen ontheemde mense in die Tsjad-meer-kom ('Lake Chad Basin') en meer as 300 000 Nigeriese vlugtelinge as gevolg van hierdie konflik.

Nog 'n godsdienstige konflik in Nigerië is dié van die boer-veewagters. Gewelddadige skermutselings tussen radikale Islamitiese Fulani-veewagters en Christenboere is aan die toeneem om 'n verskeidenheid redes. Klimaatsverandering is een faktor. Die Fulani is tradisioneel semi-nomadiese veeboere in die noorde van die land. As gevolg van verwoestyning word hulle egter suidwaarts gedwing op soek na water en weivelde. Christenboere, op hulle beurt, is van mening dat die Fulani, wat dikwels wapens by hulle het, op hulle land inbreuk maak.

'n Faksie van die Fulani is besig om soortgelyke terreurstrategieë as Boko Haram te volg, wat insluit om Christenleiers, gemeenskappe en kerke te teiken, asook om Christenboere van hulle land te verjaag. Hoewel Moslems ook soms die slagoffers van radikale Fulani-aanvalle is, is die grootste meerderheid van slagoffers Christene.

[Aangepas uit www.hart-uk.org]

4.1.1 Op watter kontinent is Nigerië geleë? (2)

4.1.2 Noem TWEE hoofgodsdienste wat by hierdie konflik betrokke is. (4)

4.1.3 Verduidelik kortliks die hoofoorsake van hierdie konflik. (6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.1.4 Met verwysing na die artikel, dink jy godsdiens is deel van hierdie konflik? Gee VIER redes vir jou antwoord. (8)

4.1.5 Watter praktiese strategieë kan jy aan die mense van Nigerië voorstel om hierdie konflik op te los? (10)

4.2 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek VYF leringe daarvan wat vrede bevorder. (10)

4.3 Konflik tussen Moslems en Christene is meer algemeen in Afrika as op enige ander kontinent. Gee VYF moontlike redes hiervoor. (10)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MENSEREGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

Die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte is in 1948 voorgelê en deur regerings vanoor die hele wêreld onderteken. Menseregte word op die inherente waardigheid van die mens gebaseer. Die Menseregteverklaring is vanuit 'n sekulêre oogpunt geskryf. Die argumente daarvan word gebaseer op 'n teorie van natuurlike wette, wat menseregte uit die idee van universele menslike waardigheid sien voortvloei.

Die basis van menseregte is in godsdienstige idees gesetel. Ons lees byvoorbeeld in die Abrahamitiese godsdienste dat Adam 'na die beeld van God geskape is' wat aan die mens 'n baie hoë waarde gee. In die Koran lees ons: 'natuurlik ken ons waardigheid aan die seuns van die mens toe'. Elke mens word daarom as heilig beskou.

Alle godsdienste dwing egter beperkings op hulle volgelinge af en hoewel hulle leerstellings hoë status aan die mens toeken, dwing hulle ook beperkings op mense af. Daarom word die konsep van verantwoordelikheid in godsdienstige kringe bykans ewe veel as menseregte beklemtoon. Daar moet op gewys word dat daar geen regte sonder verantwoordelikhede kan wees nie. Die beklemtoning van regte word met die uitsluiting van verantwoordelikhede gedoen.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*, Steyn, et al.]

5.1.1 Verduidelik wat met *menseregte* bedoel word. (4)

5.1.2 Wat beteken die konsep *godsdiensvryheid*? (4)

5.1.3 Dink jy godsdienstige organisasies moet 'n rol in die herdenking van Menseregtedag in Suid-Afrika speel? Motiveer jou antwoord. (6)

5.1.4 Regte en verantwoordelikhede kan nie geskei word nie.

Regverdig hierdie stelling. (8)

5.2 Bespreek kortliks die regte wat op die onderhouding van 'n persoon se godsdienstige oortuigings betrekking het. (8)

5.3 Kies enige EEN godsdiens en bespreek TWEE van die leringe daarvan wat op menseregte betrekking het. (8)

5.4 Gee VIER praktiese voorbeelde van hoe godsdienste menseregte bevorder. (8)

5.5 Onderskei tussen *sedes* en *etiek*. (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African